IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WITWATERSRANDSE PLAASLIKE AFDELING)

In die saak tussen:-

| | |
|---|---|
| **KRUGERSDORP RESIDENTS' ORGANISATION** | Eerste Applikant |
| **DIKEME JOSHUA MAGOTLA** | Tweede Applikant |
| **BETHUEL MONGWAKETSI** | Derde Applikant |
| **JACOB SAFATSA** | Vierde Applikant |
| **SAMSON MAHATANE KATAKA** | Vyfde Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **DIE MINISTER VAN WET EN ORDE** | Eerste Respondent |
| **AFDELINGSKOMMISSARIS VAN POLISIE WESRAND** | Tweede Respondent |
| **DIE MINISTER VAN VERDEDIGING** | Derde Respondent |

---

**BEëDIGDE VERKLARING**

---

...../2

Ek, die ondergetekende,

**LOUIS LE GRANGE**

verklaar hiermee onder eed soos volg:-

1. Ek is die Minister van Wet en Orde van die Republiek van Suid-Afrika. Tensy anders vermeld, dra ek persoonlik kennis van die feite hierin vervat en sodanige feite is na die beste van my wete waar en korrek.

2. Ek het die Applikante se Kennisgewing van Mosie gelees. Ek het egter, vanweë gebrek aan tyd, nie geleentheid gehad om die omvangryke stawende beëdigde verklarings wat ter ondersteuning van die Applikante se aansoek gebruik word, te lees nie. Ek is egter deur my regsverteenwoordigers en ander amptelike adviseurs wat my bystaan, en wat wel die beëdigde verklarings gelees het, ingelig aangaande die aard en strekking van die bewerings daarin vervat. Tot daardie mate

...../3

dra ek dus wel kennis van die bewerings wat deur die Applikante gemaak word. Uit die aard van die saak, dra ek egter geen persoonlike kennis van al die gebeure wat deur die Applikante beweer word nie.

3. Ek doen egter eerbiediglik aan die hand dat dit noodsaaklik is dat ek my standpunt aan hierdie Agbare Hof openbaar en ek wens gevolglik te handel met sekere aspekte van hierdie saak.

4. Enige onregmatige of onbehoorlike optrede deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie teenoor lede van die publiek, word deur my ten sterkste afgekeur. Hierdie houding van my is wyd bekend. In hierdie verband hou ek gereelde samesprekings met die Kommissaris van Polisie en ander lede van die Generale Staf van die Suid-Afrikaanse Polsie. Tydens hierdie samesprekings het ek by verskeie geleenthede opdrag gegee dat streng maatreëls toegepas moet word op alle lede van die Suid-Afrikaanse Polisie ten einde wederregte-

...../4

like of onbehoorlike optrede te voorkom.

5. Ek wil dit benadruk dat indien enige sodanige optrede onder my aandag of onder die aandag van die Kommissaris van Polisie of enige van die Senior Offisiere van die Suid-Afrikaanse Polisie gebring sou word, streng dissiplinêre stappe teen die betrokke lid geneem sal word. In gevalle waar beweer word dat 'n misdryf deur enige lid van die Mag gepleeg is, sal die bewerings behoorlik ondersoek word en 'n dossier aan die betrokke Prokureur-Generaal voorgelê word, soos wat nog altyd gedoen is, en sal die Reg sy normale loop neem.

6. Sedert die bewerings van onbehoorlike gedrag wat in die Applikante se stukke vermeld word, onder my aandag gebring is, het ek in ooreenstemming met 'n onderneming wat ek aan hierdie Agbare Hof gegee het, 'n spesiale ondersoekspan aangestel om sodanige bewerings te ondersoek. Die ondersoek staan onder leiding van Kolonel King en Kolonel

Van Niekerk, verbonde aan Afdeling Hoofkantoor te Pretoria en duur voort. Sodra dit afgehandel is, sal volledig aan my verslag gedoen word met die oog op verdere optrede, indien nodig.

7. Sedert 1976 het sporadiese voorvalle van geweld en onrus in die Republiek van Suid-Afrika voorgekom. Hierdie toedrag van sake het egter vanaf ongeveer 1984 in felheid toegeneem en het sodanige afmetings aangeneem dat dit vir die Staatspresident nodig was om gedurende Julie 1985 'n Noodtoestand in sekere Landdrosdistrikte binne die Republiek van Suid-Afrika af te kondig.

8. Daar rus 'n groot taak op die Suid-Afrikaanse Polisie om wet en orde te handhaaf en, waar nodig, te herstel. Hierdie taak moet dikwels onder veeleisende omstandighede uitgevoer word en gaan dikwels gepaard met lewensgevaar vir lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag.

...../6

9. Die Polisie het in die uitvoering van hulle taak voortdurend te kampe met kritiek teen hulle optrede en vanuit sekere oorde word berekende veldtogte teen hulle gevoer om hulle optrede verdag te maak en in diskrediet te bring.

10. Hierdie veldtogte en die gevolge wat daaruit voortvloei, gee ook daartoe aanleiding dat die aansien van die Republiek van Suid-Afrika in die internasionale gemeenskap ernstig benadeel word.

11. Beweerde onregmatige of onbehoorlike optrede deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie word deur die nuusmedia, nie slegs plaaslik nie, dog ook internasionaal uitgebuit tot die nadeel van die Suid-Afrikaanse Polisie en van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in geheel.

12. Dit was nog altyd my standpunt dat bewerings van onregmatige of onbehoorlike optrede deur

...../7

15. Die praktyk het geleer dat bevele wat in die guns van die Suid-Afrikaanse Polisie toegestaan word, selde so prominent deur die nuusmedia gepubliseer word as bevele wat teen die Suid-Afrikaanse Polisie toegestaan word. Gevolglik sal die opheffing van 'n voorlopige bevel, indien dit toegestaan word, nie die skade wat berokken word deur die verlening van 'n voorlopige bevel, herstel nie.

16. Ek is ingelig aangaande die Suid-Afrikaanse Polisie se weergawe met betrekking tot die voorvalle waarop die Applikante steun vir die regshulp deur hulle aangevra. Volgens hierdie inligting bestaan daar geen gronde vir die krasse bewerings van blatante en brutale onregmatige optrede, of enige onbehoorlike optrede deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie nie en al sodanige bewerings word gevolglik ontken.

17. Ek doen eerbiediglik aan die hand dat die getuienis waaroor die Suid-Afrikaanse Polisie

beskik van so 'n betroubare en objektiewe aard is dat dit daarop dui dat die Polisie se weergawe met betrekking tot die voorvalle van beweerde onbehoorlike optrede, korrek is, en dat die Applikante derhalwe nie 'n saak uitgemaak het nie vir die regshulp deur hulle aangevra.

18. Aangesien bovermelde getuienis in iedere geval so direk teenstrydig is met die Applikante se weergawe met betrekking tot die beweerde onbehoorlike voorvalle, en aangesien die bewerings van so 'n ernstige aard is, doen ek eerbiediglik aan die hand dat dit in belang van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is dat sodanige getuienis eers aan kruisondervraging onderwerp behoort te word, alvorens hierdie Hof enige uitsluitsel oor die aangeleentheid gee.

**DERHALWE** versoek ek hierdie Agbare Hof eerbiediglik om die Applikante se aansoek met koste af te wys.

...../10

LOUIS LE GRANGE

ALDUS GEDOEN en BEëDIG te ~~PRETORIA~~ KAAPSTAD op die ..3.. dag van ..MAART.... 1986, nadat die Deponent verklaar het dat hy:-

(a) vertroud is met die inhoud van hierdie verklaring;

(b) geen beswaar het teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie; en

(c) die voorgeskrewe eed as bindend op sy gewete beskou.

**KOMMISSARIS VAN EDE**

STEPHANUS ELIAS CLAASSEN
Kommissaris van Ede
Praktiserende [illegible], R.S.A.
Vierde Vloer, Volkskasgebou
Adderleystraat
KAAPSTAD.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WITWATERSRANDSE PLAASLIKE AFDELING)

In die saak tussen:-

| | |
|---|---|
| **KRUGERSDORP RESIDENTS' ORGANISATION** | Eerste Applikant |
| **DIKEME JOSHUA MAGOTLA** | Tweede Applikant |
| **BETHUEL MONGWAKETSI** | Derde Applikant |
| **JACOB SAFATSA** | Vierde Applikant |
| **SAMSON MAHATANE KATAKA** | Vyfde Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **DIE MINISTER VAN WET EN ORDE** | Eerste Respondent |
| **AFDELINGSKOMMISSARIS VAN POLISIE WESRAND** | Tweede Respondent |
| **DIE MINISTER VAN VERDEDIGING** | Derde Respondent |

**TWEEDE RESPONDENT SE BEANTWOORDENDE BEëDIGDE VERKLARING**

...../2

Ek, die ondergetekende,

**BAREND JACOBUS MARX OOSTHUIZEN**

verklaar hiermee onder eed as volg:-

1. Ek is 'n Brigadier verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie en as sodanig is ek die Afdelingskommissaris vir die Afdeling Wesrand. As Afdelingskommissaris is ek in beheer van drie Polisie distrikte, tewete Krugersdorp, Roodepoort en Vereeniging. Die drie Distrikskommandante van die vermelde drie Polisie distrikte is aan my verantwoording verskuldig vir die Polisie werksaamhede binne hulle distrikte en doen dan ook op 'n gereelde grondslag aan my verslag aangaande sondanige werksaamhede. Die Afdelings Veiligheidstak en die Afdelings Onluste-eenheid met hulle eie bevelstruktuur dien ook onder my beheer en doen verslag aan my van inligting ingesamel en optredes om die onlustesituasie te beheer en die hoof te bied.

2. Ek is die Tweede Respondent in hierdie aansoek. Ek het die Applikante se Kennisgewing van Mosie en sommige van die Beëdigde Verklarings wat ter stawing van die Applikante se aansoek gebring word, deurgelees. Vanweë 'n gebrek aan tyd en vanweë die feit dat sekere van die Polisie Offisiere onder my bevel ook die stukke moes deurgaan, was dit nie vir my moontlik om die Beëdigde Verklarings volledig deur te lees nie. In die breë, en insoverre ek dit nie volledig gelees het nie, is daar deur my regsverteenwoordigers en sekere van my Offisiere onder my bevel aan my verslag gedoen aangaande die algemene strekking van die bewerings in sodanige Beëdigde Verklarings vervat.

3. Ek dra nie persoonlik kennis nie van die bewerings in die vermelde Beëdigde Verklaring vervat. Gevolglik kan ek nie uit eie kennis kommentaar lewer aangaande die juistheid van sodanige bewerings al dan nie. Die verslae wat ek van my vermelde Offisiere in hierdie verband ontvang het, dui egter daarop dat die bewerings wat

...../4

deur of namens die Applikante in die Beëdigde Verklarings gemaak word, ongegrond is.

4. Die grondslag waarop ek die aansoek van die Applikante bestry word volledig in die Beëdigde Verklaring van Brigadier Daniël Johannes Van Wyk uiteengesit, synde Bylae "B.J.M.O.1". Geriefshalwe verwys ek hierdie Agbare Hof eerbiediglik na die Verklaring en herhaal ek nie weer die bewerings daarin vervat nie.

5. Alle klagtes wat die lede van die publiek wil opper aangaande beweerde onregmatige optrede deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisîe, kan by enige Polisiestasie aanhangig gemaak word. My kantoor, as Afdelingskommissaris vir die betrokke gebied, is toeganklik vir enige lid van die publiek wat sodanige klagtes het. Daar bestaan 'n staande Polisie order dat enige sodanige klagtes wat ontvang word, ondersoek moet word en in die uitoefening van my taak, dra ek sorg dat sodanige klagtes, indien hulle ontvang word,

deur die Suid-Afrikaanse Polisie ondersoek word. Indien enige lede van die Suid-Afrikaanse Polisie wat onder my bevel staan sou nalaat of weier om so 'n klagte te aanvaar en te laat ondersoek, sal ek nie huiwer om dissiplinêr teen hom op te tree nie. Ter stawing van hierdie bewering, verwys ek na 'n geleentheid toe drie Swartvroue, na die optog van Swartvroue van Munsiville na Krugersdorp, sekere lede van die Veiligheidstak onder my bevel gespreek het aangaande klagtes wat hulle gehad het met betrekking tot optrede deur die Suid-Afrikaanse Weermag binne Munsiville. Daar is verslag gedoen aan die Suid-Afrikaanse Polisie Hoofkantoor te Pretoria aangaande hierdie voorval, welke verslag onder my aandag gebring is. Nadat ek kennis van hierdie voorval geneem het, het ek opdrag aan Luitenant Boonzaaier gegee om die aangeleentheid te ondersoek. Luitenant Boonzaaier het die drie vroue gespreek en verklarings van hulle geneem waaruit dit blyk dat hulle te kenne gegee het dat hulle nie enige vervolging na die lede van die Suid-Afrikaanse Weermag of enige persoon hoegenaamd verlang nie. Afskrifte van voormelde Verklarings

word hierby aangeheg, gemerk Bylaes "B.J.M.O.2", "B.J.M.O.3", "B.J.M.O.4" en "B.J.M.O.5".

6. Gevolglik ontken ek dat dit vir die Applikante nodig was om hulle tot hierdie Agbare Hof te wend ten einde regshulp te verkry soos deur hulle aangevra. Benewens die feit dat klagtes van die aard waaroor hulle kla by die Polisie te Krugersdorp aanhangig gemaak kan word, het dit die Applikante te enige tyd vrygestaan om sodanige klagtes by Hoofkantoor te Pretoria aanhangig te maak indien hulle gevrees het dat dit nie die nodige aandag sou ontvang te Krugersdorp nie. Die Kommissaris van Polisie is toeganklik vir enige lid van die publiek in hierdie verband. Op dieselfde wyse kan enige lid van die publiek enige klagtes aangaande Polisie optrede onder die aandag van die Eerste Respondent bring. Inderdaad het die Eerste Respondent Offisiere van Pretoria aangestel om die Applikante se bewerings te ondersoek, welke ondersoek steeds voortduur. Indien hulle ondersoek aan die lig bring dat lede van die Suid-Afrikaanse Polisie

wel onbehoorlik opgetree het, sal daar ongetwyfeld teen sodanige lede opgetree word.

7. Ek het ook reeds op 11 Desember 1985 'n plaaslike kursus vir opleiding van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie in skare en onlustebeheer goedgekeur waarin en onder andere die volgende enkele riglyne gestel is:

"Majoor De Beer, Takbevelvoerder van die plaaslike Speurtak sal die aangewese artikels van die Strafproseswet asook Bewyslewering en verbandhoudende wetgewing behandel en kan 'n offisier van die plaaslike Veiligheidstak aanvul.

Twee of meer lesings oor menseverhoudings moet ook aangebied word.

Daar moet besondere klem op die gedissiplineerde optrede gelê word en moet dit eintlik ingedril word. Offisiere en adjudant-offisiere wat toesig en beheer oor lede moet uitoefen moet in besonder in die opsig opgeskerp word. Die sukses van die kursusse sal daarvan afhang of die toesighouer positief gemotivieer kan word sodat hy besielende leiding kan gee en dissipline deurentyd kan handhaaf.

van die Suid-Afrikaanse Weermag hulle moontlik aan 'n misdryf skuldig gemaak het, sal die saak aan die Prokureur-Generaal oorhandig word vir sy besluit. Dit is in iedere geval ons beleid om enige bewerings van onbehoorlike gedrag deur lede van die Suid-Afrikaanse Weermag wat ons ontvang, aan die Suid-Afrikaanse Weermag oor te dra vir enige moontlike dissiplinêre stappe deur hulle.

10. Onder die omstandighede ontken ek dat daar enige regsgronde bestaan op grond waarvan die Applikante kan aanspraak maak op die regshulp deur hulle aangevra.

**DEPONENT**

ALDUS GEDOEN en BEëDIG te Johannesburg op die 4de dag van Maart 1986, nadat die Deponent verklaar het dat hy:-

(a) vertroud is met die inhoud van hierdie verklaring;

(b) geen beswaar het teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie; en

(c) die voorgeskrewe eed as bindend op sy gewete beskou.

KOMMISSARIS VAN EDE

4/3/1982

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DISTR
1986-02- 28
DIST
SOUTH AFRICAN POLICE

Ek sertifiseer dat hierdie dokument 'n ware afdruk/~~afskrif~~ is van die oorspronklike wat deur my persoonlik besigtig is en dat, volgens my waarnemings, die oorspronklike nie op enige wyse gewysig is nie.
I certify that this document is a true reproduction/~~copy~~ of the original which was examined by me and that, from my observations, the original has not been altered in any manner.
Handtekening/Signature
J.M. DICK LIEUT (F) LUIT (V)

BJMC 2

000021

Jessica Betseba [?] Sehogane [?], swartvrou, 30 jr. oud, woonagtig te 1181 Munsieville, geen tel. nr., werksaam te Gata's-for-fun [?], Markstr [?] Krugersdorp, tel. nr. 660.2886, P.N. N.B.:

Verklaar in Afrikaans:

Ek is 'n swartvrou en woonagtig en werksaam soos bovermeld. Ek kan nie die presiese datum onthou, terwyl ek onderweg was van my werk na my huis, was ek 'n passasier in 'n kombi [?] motor.

Die kombi [?] motor was deur 'n onbekende swartman bestuur. By 'n padblokkade was die kombi [?] motor deur soldate gestop en al die insittendes beveel om uit te klim. Daar was mans en vrouens in die kombi [?] motor.

Die soldate het al ons bagasie deursoek. Nadat ons bagasie deursoek is, het die soldate ons almal, mans en vrouens deursoek. Die soldate het oor ons borste en tussen my bene gevoel toe hulle ons deursoek het.

Nadat ons deursoek is, is ons toegelaat om verder met die kombi [?] motor te ry. Ek ken nog vrouens wie saam met my in die kombi [?] motor was. Hulle name is, Mary. Ek kan nou nie aan nog name dink nie. Ek weet nie waar Mary woon of werk nie. Ek was nie op 1986.01.29 deel van die

My moeder wie saam met my woon, het my 'n rukkie gelede meegedeel dat iemand 'n ~~weermaglede~~ traanrook tussen haar en die kinders in die agterplaas van ons huis gegooi het.

Ek sal nie weer die weermaglede herken as ek hulle sien nie. Ek verlang geen verdere ondersoek in hierdie saak nie.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie. Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

[signature]

te Krugersdorp
op 86.02.11 om 18h20

Kommissaris van Ede
[signature] Lt.
Luit.
1986.02.11 Krugersdorp

Gysbert Matthys Hendrik Boonzaaier
S.A. Polisie, Kommissarisstr., Krugersdorp

Ek sertifiseer dat hierdie dokument 'n ware afdruk/afskrif is van die oorspronklike wat deur my persoonlik besigtig is en dat, volgens my waarneming, die oorspronklike nie op enige wyse gewysig is nie.
I certify that this document is a true copy of the original which was examined by me and that, from my observations, the original has not been altered in any manner.

[signature]
Handtekening/Signature
LIEUT (F)
LUIT (V)
J.M. DICK

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DIST. 40
DISTRIKSKOMMANDANT
1986-02-28
DIST...
KRUGERSDORP
SOUTH AFRICAN POLICE

1986-02-28

DISTRIK ... KRUGERSDORP

SOUTH AFRICAN POLICE

Ek sertifiseer dat hierdie ... I certify that this document is a true reproduction/copy ... die oorspronklike wat deur my persoonlik besigtig is en dat, original which was examined by me and that, from my observations, volgens my waarnemings, die oorspronklike nie op enige wyse vations, the original has not been altered in any manner. gewysig is nie.

000023

J.M. DICK

Handtekening/Signature

LIEUT (F) LUIT (V)

"BJMO"
3

[illegible]

" BJMO5

000026

Alinah Kota, swartvrou, 3? jr. oud, woonagtig te 1??3A, Munsieville, skolier, P.T. T.P.:

Verklaar in Afrikaans:

Ek is 'n swartvrou en woonagtig soos bovermeld. Ek woon by bovermelde adres by my suster Vivian Moeketsi.

Vivian is tans 'n student en is op die oomblik in Botswana waar sy reëlings tref, aangesien sy eersdaags na Engeland vertrek om aan die Oxford Universiteit te studeer.

Sy is op 1986-02-10 van die Jan Smutslughawe per vliegtuig na Gaberone. Op 1986-01-27 om ongeveer 20H00 was ek in die badkamer, besig om te bad.

Op die stoof in die kombuis was daar twee potte met kos. In die een pot was vleis en in die ander een pap. My suster en die kinders was in die sitkamer besig om televisie te kyk terwyl ek gebad het.

Terwyl ek in die bad was, het ek 'n flitslig aan die buitekant van die badkamervenster gesien. Ek het ook gesien persone loop voor die venster verby.

Kort daarna het ek gehoor iemand praat Afrikaans in die sitkamer. Ek kon nie presies hoor wat daar gesê word nie. 'n Blanke lid van die Weermag het die badkamerdeur oopgestoot en gevra wat ek maak. Ek het aan hom gesê dat ek besig is om te bad. Hy het die badkamerdeur toe weer toegemaak.

Nadat ek klaar gebad het, is ek na die kombuis om kos in te skep. Ek het die borde op die tafel gesit en wou die kos inskep, toe ek merk die twee potte is nie meer op die stoof nie. Vivian het toe aan my gesê dat die Weermaglede die twee potte met kos gevat en geloop het.
Dit is my twee potte wat hulle gevat het. Ek sal die Weermaglede nie kan uitken nie en verlang geen kriminele stappe in hierdie aangeleentheid nie.
Ek was nie deel van die groep wat op 1986-01-29 vanaf Munsievelle na Krugersdorp gestap het nie.
Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie. Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

A. KOTA

Ek sertifiseer dat hierdie dokument 'n ware afdruk/afskrif is van die oorspronklike wat deur my persoonlik besigtig is en dat, na my waarnemings, die oorspronklike nie op enige wyse verander is nie.
I certify that this document is a true reproduction/copy of the original which was examined by me and that, from my observations, the original has not been altered in any manner.

Dick
Handtekening/Signature

J.M. DICK
LIEUT (F)
LUIT (V)

Gaisoau Rt.

Volle voorname en van / Full first names and surname: Gysbert Matthys Hendrik Boonzaaier

Amp (rang) / Designation (rank): Luitenant

S.A. Polisie, Kommissarisstr.

(Straatadres moet ingevul word / Street address must be stated)

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DIST. 40
DISTRIKSKOMMANDANT
1986-02-28
DISTRICT COMMANDANT
KRUGERSDORP
SOUTH AFRICAN POLICE

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WITWATERSRANDSE PLAASLIKE AFDELING)

In die saak tussen:-

| | |
|---|---|
| **KRUGERSDORP RESIDENTS' ORGANISATION** | Eerste Applikant |
| **DIKEME JOSHUA MAGOTLA** | Tweede Applikant |
| **BETHUEL MONGWAKETSI** | Derde Applikant |
| **JACOB SAFATSA** | Vierde Applikant |
| **SAMSON MAHATANE KATAKA** | Vyfde Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **DIE MINISTER VAN WET EN ORDE** | Eerste Respondent |
| **AFDELINGSKOMMISSARIS VAN POLISIE WESRAND** | Tweede Respondent |
| **DIE MINISTER VAN VERDEDIGING** | Derde Respondent |

**BEëDIGDE VERKLARING**

Ek, die ondergetekende,

**ALBERTUS JOHANNES WANDRAG**

verklaar onder eed soos volg:-

1. Ek is 'n Generaal-Majoor verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie en is die Bevelvoerende Offisier van Onluste Beheer.

2. Ek is verantwoordelik vir die koördinering van alle onlus afdelings in die Republiek van Suid-Afrika, wat insluit die opleiding, ontplooiing en aanwending van sodanige onlus eenhede.

3. In my voormelde hoedanigheid besoek ek op 'n gereelde grondslag alle afdelings van die Suid-Afrikaanse Polisie binne die Republiek van Suid-Afrika. Die doel van hierdie besoeke is onder andere om leiding en voorligting te gee aan alle Afdelingskommissarisse en Onluste Eenhede

...../3

Bevelvoerders met betrekking tot die hantering van oproer en onrus binne die Republiek van Suid-Afrika. Tydens sodanige besoeke gee ek voorligting, advies en opdragte in verband met oproer- en onrussituasies.

4. Die toepassing van wet en orde deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie word, benewens statutêre bepalings, gereguleer deur staande voorskrifte. Die voorskrifte bestaan uit onder andere, regulasies, magsorders, staande orders, afdelings orders en distrik orders.

5. Voormelde skriftelike voorskrifte bevat onder andere bepalings met betrekking tot die Polisie se optrede en gedrag teenoor die publiek ten einde behoorlike en hoflike wetstoepassing te verseker.

6. Onregmatige optrede soos beweer deur die Applikante en die Deponente tot beëdigde verklarings

...../4

in hierdie aansoek, is onverskoonbaar. Enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie wat hom aan onregmatige optrede skuldig maak, stel homself bloot aan strafregtelike vervolging en/of departementele dissiplinêre stappe.

7. Uit hoofde van my amp soos voormeld, is ek terdeë daarvan bewus dat lede van die Suid-Afrikaanse Polisie wat in onlustoestande moet optree, dikwels aan geweldige spanning en provokasie onderwerp word. Sodanige lede moet dikwels lang ure sonder rus diens doen in omstandighede wat groot gevaar vir hulle eie veiligheid inhou. Die feit dat talle Polisiemanne tydens sulke voorvalle gedood of ernstig beseer was, is algemeen bekend.

8. Alle lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Onluste Eenhede het behoorlike en intensiewe opleiding ontvang in die bekamping van onrus.

9. Omdat ek van hierdie faktore bewus is, besef

ek dat dit menslikerwys nie uitgesluit kan word dat 'n Polisiebeampte onder omstandighede soos voormeld, kan swig of perspektief kan verloor nie. Gevolglik word die Afdelingskommissaris van Afdelings en Bevelvoerders van Onluseenhede voortdurend opdrag gegee om nakoming van Polisiebeamptes se staande bevele gereeld by hulle in te skerp ongeag die bestaan van voormelde faktore van spanning, uitputting en provokasie.

10. In hierdie verband word veral klem gelê op onder andere:

10.1 die gebruik van minimum geweld ten einde 'n onlussituasie te ontlont of oortreders in hegtenis te neem of die pleging van misdaad te bekamp;

10.2 die behoorlike en doelgerigte, dog gekoördineerde optrede deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie.

...../6

11. Ek vergewis myself op 'n gereelde grondslag daarvan dat uitvoering gegee word aan hierdie opdragte. Ek het die volste vertroue dat hierdie opdragte gehoorsaam word. Ek hou op 'n gereelde grondslag samesprekings met Afdelingskommissarisse en Bevelvoerders van Onluseenhede ten einde my van hierdie feit te vergewis. Op 15 Februarie 1986, dit wil sê twee dae na die betekening van die Applikante se stukke het ek byvoorbeeld so 'n samespreking gevoer met 28 Bevelvoerders van tien Polisieafdelings binne Transvaal. Sedertdien het ek weer by talle geleenthede sulke samesprekings oor die hele Republiek van Suid-Afrika gevoer.

12. Daar word op 'n deurlopende grondslag aan my verslag gedoen van alle onlusinsidente wat plaasvind binne die Republiek van Suid-Afrika. Die verslae word telefonies deurgegee en daarna per teleks bevestig.

13. Gevolglik is ek deurentyd op hoogte van alle

onlussituasies en alle Polisieoptredes ter bekamping van sodanige onlussituasies.

14. Enige lid van die publiek kan enige beweerde onbehoorlike optrede deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie onder my aandag bring of aan enige Polisiebeampte rapporteer en so 'n bewering sal ondersoek word. Dit staan trouens enige lid van die publiek vry om sodanige beweerde onbehoorlike gedrag onder die aandag van die Eerste Respondent te bring. Die Eerste Respondent sal daarna opdrag gee dat sodanige beweerde onbehoorlike optrede ondersoek word.

15. Die enigste klagte van beweerde onbehoorlike optrede wat tot my kennis gekom het, is deur 'n lid van die publiek per teleks onder die aandag van die Eerste Respondent gebring. Hierdie klagte het tot my kennis gekom waarna ek opdrag aan Brigadier Johannes Jacobus Victor, my onmiddellik ondergeskikte offisier, gegee het om die voorval te ondersoek en aan my verslag te

...../8

doen. Hierdie ondersoek is nog nie afgehandel nie. Dit het betrekking op die dood van 'n Swart dogter, bekend as Maki Legwete wat tydens 'n onrussituasie doodgeskiet is.

16. Ek het ook samesprekings gevoer met Polisieoffisiere wat betrokke was by die handhawing van wet en orde tydens onlussituasies binne Kagiso en Munsieville gedurende die tydperk waarmee die Applikante handel. Volgens verslae deur hulle aan my gemaak, het geen gevalle van onbehoorlike gedrag deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie tydens hierdie tydperk voorgekom nie. Gevolglik doen ek eerbiediglik aan die hand dat die bewerings wat die Applikante en die Deponente tot beëdigde verklarings wat by hulle aansoek aangeheg is maak, ongegrond is.

17. Volgens inligting wat aan my bekend gemaak is, beskik die Suid-Afrikaanse Polisie oor getuienis wat direk teenstrydig is met die Applikante se bewerings van onbehoorlike optrede deur lede

...../9

van die Suid-Afrikaanse Polisie.

18. Vanweë die groot aantal beweerde onbehoorlike optredes waarvan in die Applikante se stukke melding gemaak word en vanweë die feit dat daar so 'n aantal Polisiebeamptes betrokke was by die handhawing van wet en orde in die betrokke gebied gedurende die tersaaklike tydperk, is dit nie vir die Suid-Afrikaanse Polisie moontlik om binne so 'n kort tydsbestek al die nodige getuienis in te win ten einde die Applikante se bewerings van ongerymdhede te weerspreek nie. Binne die tydsbestek tot hulle beskikking het hulle so volledig as wat moontlik is probeer antwoord op al die bewerings van beweerde onbehoorlike gedrag wat in die Applikante se stukke gemaak word. Hierdie bewerings is egter so omvangryk en het so 'n wye strekking dat die ondersoek uit die aard van die saak nog nie volledig afgehandel kan word nie. Gevolglik kan daar wesenlike benadeling vir die Eerste en Tweede Respondente voortspruit uit die afhandeling van hierdie aangeleentheid by wyse van

...../10

aansoek prosedure.

19. Daar bestaan in iedere geval wesenlike teenstrydighede in die weergawes van die betrokke partye. Die getuienis waaroor die Respondente beskik dui in my eerbiedige submissie aan dat die weergawe van die Applikante onwaar is. Gevolglik in my submissie behoort die aansoek van die hand gewys te word. Verder, die verlening van 'n voorlopige bevel soos deur die Applikante aangevra sonder dat die Respondente geleentheid gehad het om volledig al die bewerings deur die Applikante gemaak te ondersoek en daarop te antwoord en sonder dat die bewerings onder kruisondervraging getoets word, sal in my eerbiedige submissie die Polisie grootliks benadeel. Die verlening van so 'n bevel sal, soos die ondervinding my geleer het, lei tot wye publisiteit in die nuusmedia. Indien die aansoek nie van die hand gewys word nie doen ek eerbiediglik aan die hand dat bewerings van so 'n ernstige aard eers in kruisondervraging in 'n ope Hof getoets moet word, alvorens uitspraak daaromtrent

...../11

gelewer word.

20. ʼn Bevel soos deur die Applikante aangevra, kan veroorsaak dat die algemene publiek en meer besonderlik die publiek in gebiede waar onlussituasies voorkom soos die betrokke gebiede in hierdie aangeleentheid, hulle vertroue in die Suid-Afrikaanse Polisie se vermoë om wet en orde te handhaaf, sal verloor en voortaan die Polisie se optrede met agterdog sal bejeën. So ʼn toedrag van sake kan die toestand van onrus wat in die gebiede heers, slegs vererger. Om hierdie rede is dit ook van die uiterste belang dat die hele aangeleentheid eers behoorlik ondersoek word en die verskillende weergawes aan kruisondervraging onderwerp word, alvorens uitspraak daaromtrent gelewer word. My respekvolle submissie is dat die balans van gerief ten gunste van die Respondente is.

21. Onder die omstandighede versoek ek hierdie Agbare Hof eerbiediglik om die aansoek van die hand

te wys met koste of om die Respondent 'n geleentheid te gun om al die bewerings deur die Applikante gemaak, volledig met kruisverhoor te toets alvorens enige bevel deur hierdie Agbare Hof toegestaan word.

DEPONENT

ALDUS GEDOEN EN BEËDIG te PRETORIA hierdie 3de dag van Maart 1986, nadat die Deponent verklaar het dat hy:

(a) vertroud is met die inhoud van hierdie verklaring, dit begryp en dat dit die waarheid is;

(b) geen beswaar het teen die aflê van hierdie voorgeskrewe eed nie;

(c) die voorgeskrewe eed as bindend op sy gewete beskou.

KOMMISSARIS VAN EDE

Jan Hendrik Philippus Serfontein
Praktiserende Prokureur R.S.A.

**Collection Number: AK2145**

**KRUGERSDORP RESIDENTS' ORGANISATION AND 4 OTHERS v. THE MINISTER OF LAW AND ORDER AND 2 OTHERS 1986**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.